27 September **Skrifgedeelte: Johannes 5:30-47**

Jesus se uitreiking na sy haters

Die Jode wil die "Godslasteraar" doodmaak. Stel dit Jesus op die verdediging? Dit wil so lyk as Hy die vyandige Joodse leiers daarop wys dat Hy getuies het wat sy Godheid kan staaf. Jesus is egter nie besig met selfverdediging nie. Inteendeel, Hy is oor die ewige welsyn van sy haters begaan. Hy wys hulle daarop dat Johannes die Doper getuig het dat Hy die Seun van God is, sodat hulle gered kan word. Nou staan die Lam van God, die Seun van die Vader, voor hulle en tog aanvaar hulle Hom nie.

Jesus doen wonderwerke wat die Vader Hom gegee het om te doen, soos die genesing van die man van Betesda. Tog glo hulle nie in Hom nie. Hulle beroep hulle op Moses se geskrifte vir hulle saligheid, maar omdat hulle God nie liefhet nie, verwerp hulle die Een oor Wie Moses geskryf het, (Gen 3:15; 22:18. Num 21:9; 24:17; Deut 18:15). Hulle lees die Skrifte verkeerd en soek nie die eer van God die Vader nie. Hoe verhard kan 'n mens nie wees nie!

En ons? Lees ons met aandag en verwagting gereeld die Bybel om God se stem te hoor, of sus ons maar ons gewete deur so af en toe gedagteloos 'n paar versies te lees?

Ons het tog die liefde van Jesus vir ons, nietige sondaars, uit sy kruisoffer leer ken. Het ons, soos Hy, die innerlike bewoënheid teenoor mense wat (nog) nie glo nie, om aan hulle dringend die Goeie Boodskap te bring? As ons as Christene in hierdie land dit nie doen nie, wie anders sal dit doen?

Sing: Skrifberyming 33:1,3 *Ds J Venter (Emeritus)*